**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**MUSIEK SG**
**(Tweede Vraestel: Musiekgeskiedenis en Vorm)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

- Vraag 1 is VERPLIGTEND.
- Beantwoord enige TWEE van Vrae 2, 3 en 4.
- Antwoorde moet duidelik genommer word.
- Skryf netjies en in ink.

---

**VRAAG 1**
**VERPLIGTEND**

1.1 Noem TWEE belangrike aspekte van elk van die volgende elemente van musiek in die Romantiese tydperk:


1.1.1 Vorm (2)
1.1.2 Harmonie (3)
1.1.3 Genres (4)
1.1.4 Timbre (3)

1.2 Bestudeer die volgende DRIE musiekvoorbeelde en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Musiekvoorbeeld A**

**The Hebrides**
**Overture**

**Felix Mendelssohn-Bartholdy**
**(1809-1847) Op.26**



**Minuet**

## Musiekvoorbeeld B

**Mozart (1756-1791)**




## Musiekvoorbeeld C

**Haydn (1732-1809)**



1.2.1 Musiekvoorbeeld A is gekomponeer in die __________ .

A. Barokperiode
B. Klassieke periode
C. Romantiese periode

1.2.2 Musiekvoorbeeld B is gekomponeer in die __________ .

A. Barokperiode
B. Klassieke periode
C. Neo-Klassieke periode

1.2.3 Musiekvoorbeeld C is gekomponeer in die __________ .

A. Barokperiode
B. Klassieke periode
C. Romantiese periode

1.2.4 Musiekvoorbeeld B is in ________ .

A. tweeledige vorm
B. drieledige vorm
C. eenvoudige Rondovorm

1.2.5 Die tekstuur van Musiekvoorbeeld A is __________ .

A. homofonies
B. polifonies
C. monofonies

1.2.6 Die toonsoort van Musiekvoorbeeld B is __________ .

A. E majeur
B. G majeur
C. G mineur

1.2.7 Die toonsoort van Musiekvoorbeeld C is _________ .

A. E majeur
B. B mineur
C. G mineur

1.2.8 Die genre van Musiekvoorbeeld A is __________ .

A. Opera
B. Simfonie
C. Strykkwartet

1.2.9 Die genre van Musiekvoorbeeld C is __________ .

A. Opera
B. Simfonie
C. Strykkwartet

1.2.10 ? Menuet is ? _______________ .

A. statige Franse dans in drieslagmaat
B. dans van die Klassieke en Romantiese periodes in vierslagmaat
C. dans van die Barok en Klassieke periodes in vierslagmaat (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord in te vul.

1.3.1 Homofoniese tekstuur is ? melodielyn met _______ .

1.3.2 Uiteensetting is die eerste seksie in ? fuga of ________ vorm.

1.3.3 Sonatevorm ontwikkel in die ______ periode. (3)
**[25]**

**NB: BEANTWOORD ENIGE TWEE VAN VRAE 2,3 EN 4.**

## VRAAG 2
## OPERA

2.1 Verklaar die volgende terme:

2.1.1 *Recitativo accompagnato*
2.1.2 *Singspiel*
2.1.3 Ensemble
2.1.4 *Gesamtkunstwerk* (8)

2.2 Skryf kort aantekeninge oor die **orkestrasie** van Wagner se musiekdramas. (4)

2.3 Bestudeer die volgende tema en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die opera.

2.3.2 Noem die komponis van die werk.

2.3.3 Watter karakter in die opera sing hierdie verleidelike melodie?

2.3.4 In watter tydperk is die werk gekomponeer? (4)

2.4 Definieer die term *libretto* EN noem die taal/tale wat gebruik word in Mozart en Verdi se libretti. (4)

2.5 Skryf kort aantekeninge oor die *Camerata*. (5)
**[25]**

**VRAAG 3**
**DIE SIMFONIE EN SIMFONIESE TOONDIG**

3.1 Definieer die volgende terme en noem ? naam en komponis van elkeen:

3.1.1 Simfonie

3.1.2 Programmusiek (6)

3.2 Bespreek Liszt se bydrae tot die ontwikkeling van die simfonie onder die volgende opskrifte. Waar van toepassing, verwys spesifiek na *Les Preludes*.

3.2.1 Vorm van simfoniese toondig (3)

3.2.2 Tematiese transformasie (3)

3.2.3 Orkestrasie (2)

3.3 Die volgende musiekvoorbeeld is een van twee basiese motiewe uit ? simfoniese toondig. Bestudeer die motief en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Identifiseer die werk.

3.3.2 Noem die komponis van die werk.

3.3.3 Watter instrument speel die motief?

3.3.4 Watter karakter word verteenwoordig in die motief? (4)

3.4 Bespreek kortliks die *Psalmsimfonie* (1930) onder die volgende opskrifte:

3.4.1 Komponis (1)

3.4.2 Styl (2)

3.4.3 Teks (2)

3.4.4 Orkestrasie (2)
**[25]**

## VRAAG 4
## KAMERMUSIEK

4.1 Definieer die volgende terme en noem ? werk en komponis van elkeen:

4.1.1 Klavierkwintet

4.1.2 Strykkwartet (6)

4.2 Die volgende musiekvoorbeeld is die fuga-tema van die eerste beweging van ? werk gekomponeer deur B. Bartòk. Bestudeer die tema en antwoord die vrae wat volg:




4.2.1 Noem die titel van die werk. (1)

4.2.2 Uit hoeveel bewegings bestaan die werk? (1)

4.2.3 Wat is die vorm van die tweede beweging? (1)

4.2.4 Noem TWEE twintigste-eeuse stylelemente wat in die fugatema duidelik is. (2)

4.3 Beantwoord die volgende vrae oor *Strykkwartet in F majeur, Opus 18 No. 1* van Beethoven:

4.3.1 Noem die vorm van die eerste beweging. (1)

4.3.2 Noem die stylperiode waarin die werk gekomponeer is. (1)

4.3.3 Noem die instrumente wat gebruik word in die werk. (4)

4.4 Skryf aantekeninge wat gebruik kan word vir ? kort artikel oor **Kamermusiek**. (8)
**[25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**